Kleuterkerk:
20 September 2020
Elke dag **genoeg**
Eksodus 16: 2-15

Deel van die sukses van ’n Kleuterkerk is die veiligheid van roetine vir die kleintjies. Veral as die leidsters elke week wissel. Die veiligheid lê vir hul dan in die bekendheid van die roetine. Daarom hou ons elke Sondag dieselfde aankoms aktiwiteite naamlik: vryspel stasies.

Daar is drie kiste met speelgoed in naamlik ’n klei kis, ’n Lego’s kis en ’n legkaart kis. Die Lego kan op die mat uitgegooi word en die Klei en drukkertjies en die Legkaarte word by die tafeltjies gespeel.

Vir kleuters is hulle name ook baie belangrik. Sorg dat die skoenboks met die naamkaartjies voor by die deur is. Daar is vir elke kind ’n naamkaartjie met hulle ouers se selfoonnommers op. Speld of knip dit vir elke kind vas soos hy of sy kom en merk ook hulle name op die register af.

Voorbereiding:
- Koek resep en bestandele
- Kombuis skaaltjie
- Maatbekers
- Cupcakes vir almal
- Versiersuiker en lekkers om cupcakes mee te versier

Uitpak & Vryspel
Sorg dat jy 20 minute voor die tyd daar is en pak die drie stasies vir vryspel uit. Sorg ook dat die skoenboks met die name en die bywoning register en ’n pen gereed is. Laat die ouers die kind se naam op die register skryf.

Ontvang die kinders by die deur, speld hulle naamkaartjies aan en lei hulle na die stasies toe vir vryspel.

Regmaak & Draailoop
Laat die kinders die stasies waar hulle tans speel oppak, en neem die kinders wat wil, om ’n draaitjie te gaan maak in die badkamer.

Laat die kleuters op die mat gaan sit. Jy as leidster kan op ’n stoeltjie voor hulle gaan sit. Om seker te maak almal bly stil, laat hulle kruisbene sit met hulle handjies in hulle mandjies (in hul skote).

Die volgende roetine word voor gestel:
- Bywoningsregister
  Om vir die kleuters erkenning te gee dat hulle gekom het, kan hulle ’n plakkertjie plak op die betrokke plek op die bywoning trein.(voorsien) LW dis nie ’n trein met datums op wat vir jou sal uitwys watter Sondae jy nie daar was nie. Dis doodeenvoudig net ’n trein met trokke waarop die kinders se name staan en hulle geleentheid kan kry om ’n plakker (voorsien) te plak in sy/haar trokkie waarop hul name aangebring is.
- Verjaarsdag gelukwensing (sing en ontvang ’n kroon met ’n ballon)
  Indien iemand verjaar het gedurende die week of vakansie, sing almal vir hom/haar “Geluk liewe maatjie” en hy/sy ontvang ’n verjaarsdag kroon (voorsien) en ’n ballon(voorsien)
- Kollekte – Een van die maatjies neem die geld op in ’n mandjie
- Hersieningsmoment
  Vra die kinders uit oor wat hulle van die vorige Sondag se kleuterkerkles kan onthou.

Bidtyd: Openingsgebed
Vra een van die kinders om te open met gebed.

Lestyd:
Wie van julle het al vir mamma gehelp om koek te bak? Wat gooi sy alles in die koek? Hoe weet sy wat om in die koek te sit? *Gee geleentheid vir die kinders om te vertel van hulle koekbak ervaringe.*

Nou kom ons bak vandag koek. *Hou verskillende bestandele aan die kinders voor, vra wat hulle dink jy alles in die beslag moet gooi. As hulle byvoorbeeld sê meel, dan sê jy maar jy hou nie van meel nie en maar sal eerder hou van tamatiesous en maak of jy dit wil ingooi. As hulle sê suiker, dan sê jy byvoorbeeld maar jyt nie suiker nie, maar hier is baie sout. Laat die kinders jou keer op keer reghelp.*

Hoekom kan ek nie net in die resep ingooi wat ek graag wil nie?

Wanneer mens koek bak, het jy 'n resep nodig. 'n Mens volg die resep om presies te weet hoeveel jy van elke ding moet ingooi, sodat die koek reg sal uitkom. Wanneer jy te veel of te min van 'n bestandeel ingooi, sal dit niet reg uitkom uitkom nie.

Kan julle al bestandele afmeet.

Neem 'n kombuis skaal en maatbekers saam en vra die kinders om verskillende hoeveelhede af te meet. Deel die groep in twee en en gee aan elkeen dieselfde opdrag om af te meet. Wanneer hulle klaar gemeet het, weeg elke groep se mates en kyk hoe akkuraat hulle gemeet het. Beloon die wenners met iets soos cupcakes. Jy hoef nie regte produkte te gebruik nie, dit kan sommer meel of sand of enige iets wees wat afgemeet kan word. Dis net vir 'n aktiwiteit en nie om iets te maak nie.
Wanneer mens te veel of te min afmeet, kan jou resep nie presies reg uitwerk nie.

Wanneer jy jou koek gebak het en jy moet dit versier, moet jy ook nie te veel versiersuiker opsit nie, want dan is dit te soet. Jy moet net genoeg opsit dat dit lekker soet is, maar dat jy ook nog die koek kan proe.
Alles moet in balans wees. Met ander woorde, net genoeg en net reg.

Singtyd:
(Die liedere is net voorstelle, indien iets anders meer bekend is kan dit ook gesing word.)

Liedboek 549
Daar's vissies in die water
Kyk hoe swem hul rond
Daar's voëltjies in die lug
En daar's diere op die grond
Daar's blomme in die velde
Daar's riete in die vlei
Wie sou dit als gemaak het
Die Here ja dis Hy.

Lied: Moenie bang wees nie
Moenie bang wees nie
Want Ek is by jou
Moenie bang wees nie
Want Ek bly by jou
Moenie bang wees nie
Ek ken jou naam
Ek gaan oral met jou saam .

Bybeltyd:
In die Ou Testament lees ons in die 2de boek van die Bybel hoe Moses die Israeliete uit Egipte gelei het, deur die woestyn, na Kaänan toe.

Terwyl die volk getrek het deur die woestyn, het hulle ook honger geraak en hulle kon nie kos plant om te eet langs die pad nie. Die volk Israel was kwaad vir Moses omdat hulle honger was en hulle het begin kla. Was jy al baie honger gewees? Hoe voel dit? Kla jy ook as mamma te lank vat met die kos?

Wanneer ons honger is, en ons magies grom, kan ons aan niks anders dink as aan kos nie en sal alles moontlik doen om kos in die hande te kry, of enige iets om te eet.

Moses kon nie gou na ‘n supermark toe gaan om vir die mense kos te koop nie. Maar Moses het geweet dat God wat hom beveel het om die Israeliete uit Egipte uit te lei, sal ook vir hulle kos voorsien soos wat hulle dit nodig gehad het. En God het ook voorsien. Elke dag genoeg.

Kom ons lees van die verhaal in Eksodus Hoofstuk 16.

Lees vir die kinders voor uit Ek.16:2-20

Kwartels was klein voëltjies wat die mense kon vang en gaar maak vir vleis. Die manna was wit saadjies waarvan hulle iets soos brood kon bak. Die manna en kwartels was die stapel voedsel wat die Israeliete vir die 40 jaar in die woestyn geëet het. So het God elke dag vir hulle genoeg gegee om te eet. Al wat hulle moes doen was om 2 liter van die Manna, vir elkeen op te tel.

Wanneer hulle te veel opgetel het of wou bêre vir die volgende dag het dit sleg geraak.

Die Here sorg vir ons, elke dag. Hy gee nie te veel of te min nie, Hy gee genoeg vir elk dag. Ons moet ook elke dag stil raak en met God praat in gebed. So kry ons vars geestelike kos elke dag by Hom. Genoeg vir die dag. Wanneer ek en jy nie bid en met Jesus gesels nie, dan sal ons dag ook nie so lekker wees soos wat God bedoel het dit moet wees nie. Hy wil hê dat ons elke dag weer van Sy liefde moet leer en Hom dien met alles in ons.

Probeer om die week, elke oggend wanneer Jy wakker word, en in die aand, voor jy gaan slaap, met God te praat. Bid en vertel Hom van jou dag, en voel hoe jou dae sommer beter word, omdat jy elke dag vars liefde van God af kry.

Doentyd & Leertyd: Versier cupcakes.
Bak of koop vooraf skoon cupcakes. Maak versiersuiker aan. Gooi lekkertjies of sprinkels in bakkies waarmee die kinders die Cupcakes kan versier. Kuier lekker saam terwyl elkeen sy eie cupcake versier.

In die plek van Cupcakes, kan jy ook twee Marie koekies neem en ‘n marsmallow tussen in sit. Sit dit ‘n paar sekonders in die mirkogolf dat dit net begin uitswel en druk die koekies op mekaar met die marsmallo wat soos ‘n vulsel vorm tussen die koekies. Versier die koekies.
Laat die kinders die koekies eet of gaan uitdeel vir iemand.

Afsluitings gebed
Dankie Jesus dat U genade elke môre vars en nuut is. Dankie dat U vir ons sorg, elke dag, met genoeg vir elke dag.
Amen.

God voorsien, elke dag genoeg.